
## 493 Was my o Lam van God




Was my, o Lam van God, o maak my vry
deur u versoeningsbloed en reinig my.
Was my van sondeslyk, maak my u beeld  gelyk,
steeds in u liefde ryk, o was U my!

Was my, o Lam van God, o, maak my vry!
Graag wil ek soos U wees, rein in U bly!
O, laat die helend’ vloed, Jesus, u dierbaar bloed,
ook vir my sonde boet; o, reinig my!

Was my, o Lam van God, o, maak my vry!
Nooit sal my siel kan rus, waar U nie bly!
Kyk, al my pogings, Heer, faal hulp'loos elke keer,
U soek ek meer en meer; U maak my vry!

Was my, o Lam van God, wil deur my skyn;
slegs deur geloof in U, redding vir my!
Soet is in U die rus, u volheid steeds my lus;
hou my van U bewus, gered en vry!

Onbekend L. Mason (1792-1872)